

20 September

Skrifgedeelte: Romeine 3:1-20

Fokusgedeelte: Romeine 3:12

Die goeie nuus: God ken sy kind

God se goeie nuus is meer as strelende mooitaalwoorde. Sy goeie nuus is evangelie en daarom in 'n sekere sin ook slegte nuus. Dit is 'n boodskap wat sê dat die Here elke mens volledig ken. Daarom staan in vers 12: "Almal het die spoor byster geraak. Hulle het in sonde verval. Daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie 'n enkele een nie." Voorwaar slegte nuus! Jy kyk na 'n somber prentjie van menswees, van jouself. Vanweë jou menswees is dit moeilik om dit te aanvaar. Is dit regtig so erg? In verse 10–18 beskryf Paulus 'n gedetailleerde beeld van die sondige mens – is dit regtig ek? Is my keel soos 'n oop deur na die doderyk toe? Is my tong vol bedrog? Is my lippe vol van die dodelikste gif? Laat ek 'n spoor van vernietiging en ellende agter my? Lees dié klagstaat teen jou en dink na oor die getuienis wat so verdoemend is. Om die nuus oor jou te aanvaar, is moeilik. Verder verneem jy dat die groot Regter net één uitspraak kan lewer: Ek vind jou skuldig! In jou menseoor en hart klink dit na slegte nuus. Tog het God se nuus oor jou 'n baie goeie doel. Dit is 'n boodskap wat jou wil laat besef dat jou verhouding met God skeef geloop het – totaal en al ontspoor het. Eintlik is dit goeie nuus, want as jy besef dat niemand in eie krag regverdig is nie, kom jy ook tot die belydenis dat 'n mens volkome van God se genade afhanklik is. Uit genade besef jy hoe wankelmoedig jou trotse eiewaan is, hoe klein jy is, hoe swak. In wese is jy ellendig en sondig, stukkend en skuldig.

Die goeie nuus duur voort: God ken jou. So is die slegte nuus dat jy volkome skuldig is, in werklikheid goeie nuus – 'n blye boodskap! Die evangelie is juis bedoel vir mense met verslae harte; vir jou wat berouvol om vergifnis smeek. Jy sal ontdek dat die heilige God ook die barmhartige God is, die Vader van Jesus Christus, jou Verlosser. Hy vergewe en Hy heel gebrokenes van hart.

Sing: Psalm 139:12

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)